

KLEURLINGE: IN DIE LIG VAN VERNUWING (UITBOUING) VAN DIE BELEID VAN AFSONDERLIKE ONTWIKKELING

'N VERNUWING van die beleid van afsonderlike ontwikkeling vir soverre dit op die Kleurlingbevolkingsgroep van toepassing is, is onvermydelik in die lig van die bevindings van die Erika Theron-kommissie. Die sogenaamde beleid van parallelle ontwikkeling was gegrond op 'n stel aannames of proposisies omtrent sekere (vermeende) kenmerke van die Kleurlingbevolkingsgroep en omtrent sekere (vermeende) verhoudinge wat tussen die Blankes en die Kleurlinggemeenskap bestaan of tot stand gebring kan word. Die Kommissie het bevind dat sommige van hierdie aannames of proposisies onrealisties en onhoudbaar is en in elk geval nie as grondslag kan dien vir die beleid van parallelle ontwikkeling soos dit tot nou toe toegepas is nie.

Die Kommissie het bevind dat die volgende drie aannames of proposisies onder meer onrealisties en onhoudbaar is.

Eerstens, dat die Kleurlingbevolkingsgroep 'n volk of 'n volkin-wording is;

tweedens, dat 'n eie en 'n min of meer selfstandige Kleurling-ekonomie parallel aan die Blanke ekonomie ontwikkel kan word; en

derdens, dat 'n duidelik definieerbare Kleurlingbelangeterrein onderskei kan word wat nie met die Blanke belangeterrein oorvleuel nie en dat daar ten opsigte van hierdie Kleurlingbelangeterrein doeltreffende

selfbeskikkingsinstrumente vir die Kleurlinge geskep kan word.

Die Kommissie kon geen bewyse vind vir die idee dat die Kleurlinge 'n volk of 'n volkin-wording is nie. Dit wil voorkom asof hierdie idee bloot 'n Blanke projeksie is wat deur verskeie oorwegings geïnspireer is. Eerstens is die beleid van afsonderlike ontwikkeling in die eerste instansie ontwerp om die etniese verskeidenheid van verskillende Bantoevolke te akkommodeer en daarna ook op die Kleurlinge van toepassing gemaak. Op hierdie manier het die volksidee 'n keurslyf geword waarin die Kleurlinge ook geforseer moes word en daarom was dit blykbaar nodig om hulle ook as 'n volk of 'n volkin-wording te beskou. Tweedens verteenwoordig die idee van 'n volk wat homself met 'n eie volksbeweging „red” 'n baie belangrike historiese ervaring vir die Afrikaners. Dit is gevolglik begryplik waarom hierdie idee deur veral die Afrikaners aan die Kleurlinge voorgehou word as 'n modeloplossing vir hulle probleme. Derdens verteenwoordig die idee van 'n Kleurlingvolk wat homself „red” of behoort te „red” waarskynlik ook 'n poging van sommige Blankes om hulle nie alleen te verontskuldig van die oorsake wat vir die agtergeblewendheid van 'n groot deel van die Kleurlinge verantwoordelik is nie, maar om hulle ook te distansieer van verantwoordelikhede ten opsigte van die ontwikkeling en/

of rehabilitasie van die agtergeblewe deel van die Kleurlinggemeenskap. Hierdie houding kom onder meer tot uiting in die uitsprake van sommige Blankes dat die Kleurlinge eers self groter verantwoordelikhede aan die dag moet lê en dat hulle leiers eers meer vir hulle „eie mense” (ofte wel die „Kleurlingvolk”) moet doen alvorens hulp van Blanke kant verwag kan word!

Die Kommissie het bevind dat die Kleurlinge se ekonomiese bedrywighede so 'n volledige deel van die sogenaamde Blanke-ekonomie uitmaak dat daar geen sprake kan wees van die ontwikkeling van 'n eie en afsonderlike Kleurlingekonomie in groeipunte wat vir die doel geskep word of in die Kleurlingdeel van dubbel-dorpe of dubbel-stede nie. Die Kleurlinge verwerf byna 90 persent van hulle inkomste as werknemers by Blanke ondernemings of in die vorm van oordragbetalings, terwyl 75 persent van hulle verbruiksgoedere by Blanke afsetpunte aangekoop word. Enige poging om 'n eie of afsonderlike Kleurlingekonomie te skep, sal misluk vanweë die sterk middelpuntsoekende krag wat deur die veel sterker, die kapitaalkragtige en die nabygeleë „Blanke-ekonomie” uitgeoefen word.

Indien dit moontlik was om duidelik omlynde en relatief groot Blanke- en Kleurlingbelangeterreine respektiewelik te onderskei en indien die „gesamentlike belangeterreine” relatief klein en onbelangrik was, sou dit dalk moontlik gewees het om vir die Blankes en die Kleurlinge elk hulle eie politieke instrumente te skep wat selfbeskikking in elkeen se eie belangeterrein sou hê om skakel-liggame te gebruik om die oorvleuelde belange op die „gesamentlike belangeterrein” te behartig. Die Kommissie het bevind dat die struktuur van die werklikheid opvallend anders is, vanweë die noue ingeskakeldheid van die Kleurlinge in die Blanke-ekonomie en aangesien die Kleurlinge daarop aangewys is om dieselfde fisiese infrastruktuur (byvoorbeeld paaie, spoorlyne, waterwerke) en dieselfde organisatoriese infrastruktuur (byvoorbeeld

regstelsel, poswese, weermag) te gebruik as die Blankes, is die „gesamentlike belangeterrein“ relatief groot en van deurslaggewende belang. Juis om hierdie redes het die selfbeskikkingsinstrumente wat tot sover vir die Kleurlinggemeenskap geskep is (byvoorbeeld die Verteenwoordigende Kleurlingraad, die Uitvoerende Bestuur en Bestuurskomitee) nie doeltreffend geblyk te wees nie.

Toekomstige pogings om sodanige selfbeskikkingsinstrumente vir die Kleurlinge te skep of uit te bou, sal waarskynlik ook misluk omdat die probleme van jurisdiksionele oorvleueling altyd teenwoordig sal wees en omdat daar eenvoudig net nie voldoende wetgewende en uitvoerende gesag aan sodanige selfbeskikkingsinstrumente oorgedra kan word, sonder om aangeleenthede en terreine waaroor Blanke liggametsans gesag het, ernstig in gedrang te bring nie. Omdat die gesamentlike belangeterrein so groot en so belangrik is, sal 'n kabinetsraad slegs slaag as dit nie bloot 'n skakelligaam is nie, maar uitvoerende gesag verkry wat op 'n voldoende mate van magsdeling neerkom.

In die ontwerp van 'n nuwe owerheidsbeleid ten opsigte van Kleurlinge, sal daar nie alleen rekening gehou moet word met sekere middelpuntsoekende kragte wat Blanke en Kleurlingebeelde na mekaar aantrek nie, maar ook met sekere middelpuntvlietende kragte wat Blankes en Kleurlinge van mekaar afstoot en afstand en verwydering tussen hulle bewerkstellig. Wat die middelpuntsoekende kragte betref,

kan ons na aanleiding van die Theron-kommissie se bevindings, die volgende drie punte beklemtoon:

Eerstens die feit dat die Kleurlinge hulle politieke en ekonomiese in dieselfde woonlandgrense as die Blankes moet utoeleef. Vanweë die groot mate van jurisdiksionele en belange-oorvleueling en omdat die Blankes en die Kleurlinge tot 'n baie groot hoogte van dieselfde fisiese en organisatoriese infrastrukture moet gebruik maak, sal daar na 'n politieke oplossing gesoek moet word wat op 'n sekere mate van magsdeling neerkom. En vanweë die ondergeskikte en afhanklike posisie wat die Kleurlinge in die Suid-Afrikaanse ekonomie inneem, is dit — van sowel die inkomste- as die uitgawekant gesien — heeltemal onrealisties om eie staatsfinansiële bedelings vir die Kleurlinge op of die sentrale, of die provinsiale of die plaaslike owerheidsvlakke te probeer uitbou.

'n Tweede middelpuntsoekende krag is geleë in die feit dat die Kleurlinge 'n deel van die Westerse mense van Suid-Afrika uitmaak. Die Kommissie het uit sy studie van die kultuurbeoefening en kulturele belangstelling van die Kleurlinge tot die gevolgtrekking geraak dat daar in die Kleurlinggemeenskap geen wesenlik ander kultuur as dié van die Afrikaans- en Engelssprekende Blankes bestaan nie. Alhoewel veral die breë onderlaag in die Kleurlinggemeenskap hulle in vele opsigte anders gedra as sowel die boonste groep in die Kleurlinggemeenskap as die deursnee-Blankes, moet hierdie andershede nie as kulturele verskille beskou word nie, maar moet dit aan 'n lae peil van geletterdheid en opvoeding en aan swak lewensomstandighede toegeskryf word.

'n Derde middelpuntsoekende krag is geleë in die feit dat 20 persent van die Kleurlinge reeds middelstandstatus bereik het en 'n verdere 20 persent oor die potensiaal beskik om binne tien of vyftien jaar tot hierdie peil van ontwikkeltheid en beskaaftheid te vorder. Die boonste groep bestaan inderwaarheid uit ontwikkelde en beskaafde Westerse mense wat slegs ten opsigte van hulle velkleur (of bevolkingsregistrasie) en ten opsigte van sekere

lewensbeperkings van die deursnee-Blanke in Suid-Afrika onderskei kan word. Daar bestaan gevolglik 'n dringende behoefte om vir ten minste hierdie boonste groep geleenthede oop te stel waarin hulle hul kulturele en opvoedkundige behoeftes vollediger en in samewerking met Blankes sal kan bevredig.

As middelpuntvliedende kragte wat verwydering en afstand tussen Blankes en Kleurlinge bewerkstellig, kan die volgende vier uitgesonder word.

Eerstens die kleurvooroordeel wat baie Blankes teenoor Kleurlinge handhaaf. Aangesien kleurverskille reeds vir 'n lang tydperk in die Suid-Afrikaanse geskiedenis tot 'n groot hoogte saamval met verskille in morele en kulturele standaarde, het die kleurasperk 'n simboliese betekenis verkry wat mettertyd veel meer as bloot 'n verskil in velkleur gesimboliseer het. 'n Maklik waarneembare kenmerk soos velkleur oorskadu in die Suid-Afrikaanse situasie dikwels ander kenmerke en verskille en skep gevolglik die dubbele illusie dat daar groter ooreenkomste tussen individue met dieselfde velkleur en groter verskille tussen gekleurde en Blanke individue bestaan as wat geregtig is.

Daar bestaan in Blanke gelede-re 'n moontlik wettige vrees dat as toegewings aan Kleurlinge gemaak sou word, dieselfde toegewings ook ten opsigte van die Bantoes — wat 'n baie groot getalleoorwig het en ook ander kulture en etnisiteite verteenwoordig — gemaak sal moet word. Maar aangesien die Kleurlinge Westerse mense is waarvan 'n deel reeds beskaafd en ontwikkel is, kom die kleurvooroordeel teenoor die Kleurlinge in laaste instansie op rassisme neer en daarom bied dit nie 'n moreel geoorloofde basis waarop 'n beleid van skeiding en/of distansiering tussen Blank en Kleurling gebaseer kan word nie.

'n Tweede middelpuntvliedende krag is die groot mate van agtergeblewenheid en maatskaplike versonkenheid wat in 'n groot deel (minstens 40 persent) van die Kleurlinggemeenskap bestaan en wat tot uitdrukking kom in 'n laerstand-lewenswyse, in afwykende gedragsneigings en in swak morele standaarde. Sommige

VIR ENIGE PYN

GEBRUIK

„SANESCO“-POEIERS

Verkrygbaar by

J. P. van der Walt

APTEKER

Kerkstraat

Tel. 3337

POTCHEFSTROOM

Blankes is gekant teen 'n toenadering tussen Blankes en Kleurlinge omdat hulle vrees dat die laerstandlewenswyse en -houding van 'n deel van die Kleurlinge 'n verlagings en/of 'n bedreiging van die lewenspatroon en morele versonkenheid van 'n deel van die Kleurlinge in 'n belangrike mate aan biogenetiese faktore toe te skryf en om die invloed wat ongunstige omstandigheidsfaktore — waarvoor die Blankes gedeeltelik verantwoordelik mag wees — te ontken of te minimiseer.

Die Kommissie het egter bevind dat dit moreel onverdedigbaar sou wees as die Blankes hulle ten volle of in 'n groot mate sou wou verontskuldig van die faktore wat tot die agtergeblewendheid van 'n groot deel van die Kleurlinggemeenskap aanleiding gegee het. Dit moet egter voorsien word dat solank so 'n groot ontwikkelingsagterstand by 'n belangrike deel van die Kleurlinggemeenskap gaan bly voortbestaan, daar in Blanke geleedere weerstand sal wees teen die opstelling van Blanke fasiliteite en geleenthede aan die hele Kleurlinggemeenskap asook teen die verlening van relatief groot politieke bedingingsvermoë aan die Kleurlinggemeenskap. Hoewel die ontwikkelingsagterstand en morele versonkenheid van 'n deel van die Kleurlinggemeenskap moeilike oorgangsprobleme sal skep wat op 'n pragmatiese wyse gehanteer sal moet word, bied die bestaan van hierdie ontwikkelingsagterstand — veral as die faktore wat vir die ontstaan en die voortsetting daarvan verantwoordelik is in die regte perspektief gesien word — ook nie 'n moreel geoorloofde basis waarop 'n beleid van permanente skeiding en/of distansiering gebou kan word nie.

'n Derde middelpuntvliedende krag is geleë in die bevoorregte en verskanste posisie van die Blankes waaraan hulle reeds so gewoond geraak het dat hulle dit as vanselfsprekend aanvaar. Die Kommissie het bevind dat as die Blankes hulle gevestigde ekonomiese en politieke belange en magsposisies sou gebruik om groter politieke en ekonomiese geleenthede en bedingingsvermoë van die Kleurlinge te weerhou, die probleme van chroniese armoede, morele versonkenheid,

magteloosheid en oplaaiende vyandigheid in die Kleurlinggemeenskap eenvoudig kumulatief voortgeplant sal word, ten spyte van *ad hoc* en korttermynmaatreëls wat getref mag word om die opvallende sosiale misstande te versag of uit die weg te ruim. Die geïkte argumente dat die Blankes hulle bevoorregte posisie met harde werk en inspanning verwerf het en dat die Kleurlinge se ontwikkelingsagterstand aan hulle inherente gebrek aan fisiese en morele stamina gewyt moet word, kan vanweë die gekompliseerdheid van die Suid-Afrikaanse situasie en vanweë die asimmetriese magsverhoudings op politieke en ekonomiese gebied, nie so maklik geïverifieer word nie. Boonop is hierdie soort bewysvoering ook nie relevant in die lig van die gesamentlike toekoms wat Blankes en Kleurlinge in Suid-Afrika moet uitbou nie.

'n Vierde middelpuntvliedende krag is die tradisie van skeiding wat tussen Blankes en Kleurlinge bestaan. Terwyl hierdie tradisie — wat aanvanklik 'n sekere mate van buigbaarheid gehad het — ver terugstrek in die Suid-Afrikaanse geskiedenis, is dit in die afgelope kwart-eeu versterk deur die statutêre beslag wat daaraan verleen is. Op hierdie manier het aparte woongebiede, aparte skole en aparte openbare geriewe 'n baie opvallende en geïkte kenmerk van die Suid-Afrikaanse bestel geword.

Die afsonderlike lewenspatrone vir Blankes en Kleurlinge wat tradisioneel en statutêr geïnstitusionaliseer geraak het, kan beslis nie binne 'n kort tyd gesloop word sonder om ontwrigting te veroorsaak en lastige stabiliteitsprobleme te skep nie. Enige vernuwing van die beleid ten opsigte van die Kleurlinge sal dus die bestaande afsonderlike patrone as uitgangspunt moet neem. Gevolglik was die Kommissie ook van mening dat die groepsgebiedewet (met geringe wysigings) gehandhaaf kan word, dat afsonderlike (openbare) skole behoue kan bly, maar dat openbare geriewe op 'n selektiewe grondslag oopgestel moet word.

'n Handhawing en 'n uitbouing van die beleid van afsonderlike ontwikkeling ten opsigte van die Kleurlinge kan nie op morele nie,

maar slegs op pragmatiese gronde gebaseer word. Gevolglik sal 'n vernuwing van die bestaande beleid ten minste die volgende vier komponente moet bevat:

Eerstens sal dit daarop bereken moet wees om die moreel onverdedigbare kleurvooroordede wat sommige Blankes teenoor Kleurlinge handhaaf, uit die weg te ruim en om dit met 'n positiewe houding van welwillendheid, begrip en hulpvaardigheid te vervang.

Tweedens sal alle vorme van rassediskriminasie stelselmatig uit die weg geruim moet word en sal daar prioriteit verleen moet word aan die opheffing van daardie wette en praktyke wat die menswaardigheid van die Kleurlinge aantast en veral deur die boonste groep as vernederend ervaar word.

Derdens sal daar aan die Kleurlinggemeenskap bevredigende vorme van regstreekse verteenwoordiging op al drie owerheidsvlakke en ander besluitnemingsliggame verskaf moet word en sal hulle so 'n mate van politieke inspraak en bedingingsvermoë moet verkry, dat hulle die allokasie van owerheidsbesteding en bevoorregting tot 'n sekere minimum mate in hulle guns sal kan beïnvloed. Sodanige regstreekse verteenwoordiging sal waarskynlik nie binne die struktuur van 'n Westminster-gefundeerde regeringstelsel aan die Kleurlinge verleen kan word nie.

Vierdens sal 'n veelomvattende ontwikkelingsprogram geïmplementeer moet word wat die ontwikkeling- en beskawingsagterstande in 'n groot deel van die Kleurlinggemeenskap so goed en so gou as moontlik uit die weg sal ruim. Die implementering van só 'n program sal vereis dat daar via die fiskale optrede van al drie owerheidsvlakke 'n oordrag van inkome en welvaart vanaf die Blankes na die Kleurlinge sal moet plaasvind. Dit sal eweneens vereis dat instansies en ondernemings in die private sektor ook groot sosiale verantwoordelikhede en ontwikkelingshulp aan die Kleurlinggemeenskap sal moet verskaf. ■